Die Wapad

Jaargang XV — WOENSDAG, 7 SEPTEMBER 1960 — Nr. 11

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# De Wet Kruger Nuwe Voorsitter

**MNR. J. J. DE WET KRÜGER is Dinsdagoggend verkies tot nuwe voorsitter van die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., in die plek van mnr. H. J. D. van der Walt, wat hom nie weer verkiesbaar gestel het nie.**

'n Oorweldigende applous het losgebars toe mnr. Van der Walt mnr. Krüger se naam aflees en vir sowat twee minute het die toejuiging geduur.

Mnr. Krüger, 'n gewilde keuse, het hom onderskei op uiteenlopende terreine van die studentelewe, sedert hy in 1956 as eerstejaarstudent aan die P.U. ingeskryf het. Hy is op Ventersdorp gebore en was dus so



Mnr. J. J. de Wet Krüger.
[Foto: Fotokuns.

van aans of aan 'n Wes-Transvaler. In 1955 het hy die matrikulasie-eksamen op Potgietersrus afgelê en daarna Puk toe gekom.

### SPORTGEBIED

In sy eerste en tweede jaar het hy vir Wes-Transvaal onder 19 rugby gespeel en ook die Pukke aangevoer. Vanaf sy derde jaar het hy gereeld vir Theos voorrydrukker gespeel en het vanjaar tot die Order Vyftig toegetree, met sowat sestig wedstryde vir Theos agter sy naam.

Ook op ander gebiede van die studentelewe het De Wet Krüger 'n leidende rol gespeel. Hy was vir die afgelope drie jaar op die bestuur van Korps Veritas Vincet en vanjaar was hy die voorsitter daarvan. Ook het hy 'n aktiewe rol gespeel in die A.S.B. en ander studenteliggame. Vanjaar het hy as verteenwoordiger van Korps op die Studenteraad gedien.

## NUWE LEDE VAN DIE DAGBESTUUR

### Frans de Bruyn

**Vir die tweede agtereenvolgende jaar is mnr. Frans de Bruyn (of Klein-Frans, soos hy onder die massa bekend is) verkies tot sekretaris van die Studenteraad. Hy het reeds sy merk gemaak in die studentelewe en hy sal volgende jaar voortgaan met diens aan die studentemassa.**

Frans het reeds op verskeie besture gedien en verskillende toere meegemaak. Hy was in 1959 onder-sekretaris van die Studenteraad en in 1960 onder-sekretaris van Alabama. Verder was hy vir twee jaar sekretaris van die A.S.B.

Met die ondervinding wat hierdie Wes-Transvaalse boereseun het, nie alleen as sekretaris nie, maar ook op ander terreine van die studentelewe, glo ons dat die sekretariaat weer in goeie hande is.

Frans studeer tans aan die Teologiese Skool en hoop om volgende jaar vyfde jaar te wees. Met sy studie is hy net so suksesvol as met sy studentebedrywighede.

### Dirk Herbst

Mnr. D. A. S. Herbst, hoofredakteur van Die Wapad, wat verkies is tot onder-sekretaris van die Studenteraad, kom van Dundee, Natal. Hy het in 1957 aan die P.U. ingeskryf en verlede jaar die B.A.-graad behaal. Vanjaar is hy besig met die Honneursgraad in Wysbegeerte.

Hy is van plan om aanstaande jaar in te skryf vir M.A. in Wysbegeerte, sowel as vir Joernalistiek III.

Dirk het verlede jaar diens gedoen as assistent-hoofredakteur van Die Wapad en hom vanjaar onderskei as hoofredakteur. Hy dien ook vanjaar op die koshuiskomitee van Dawie du Plessishuis.

Sy grootste belangstelling lê op gebeure aan die inter-universitêre vlak en hy ook reeds verskeie kere as verteenwoordiger van die Puk opgetree.

### Nic Swart

Nicolaas Swart het vanjaar geskiedenis gemaak om as die enigste tweedejaar op die Studenteraad verkies te word as Penningmeester.

Nic is gebore in Suidwes en het sy skoolopleiding op Gobabis ontvang.

Hier het hy hom reeds onderskei as leier deur op sy skool se prefektekomitee te dien. Ook was hy voorsitter van die debatsvereniging.

Verlede jaar het Nic in die onder 19 A-span van die Puk gespeel. Vanjaar is hy 'n tweedejaar B.Comm-student en hy het homself onderskei as 'n briljante student. Verlede jaar het hy met vier onderskeidings geslaag.

Hy studeer met 'n Suidwes-Administrasiebeurs en sal nadat hy sy graad behaal het, hom plaaslik bekwaam as onderwyser.

### Christina Postma

**Christina Postma is Dinsdagoggend verkies tot 1961 se damesverteenwoordigster. Sy het in die drie jaar wat sy hier studeer, reeds diep spore in die studentelewe getrap.**

Vanjaar is die tweede agtereenvolgende jaar dat sy verkies is om op die Studenteraad te dien.

Gedurende 1960 was sy saam met mnr. De Wet Krüger mede-verteenwoordigster van Korps. Die afgelope jaar het sy ook op die huiskomitee van die dameskoshuise gedien.

Sy kom van De Aar en het in 1958 vir die eerste keer by die Puk ingeskryf. Vanjaar is sy in haar finale jaar B.A. en sal volgende jaar die U.O.D.-kursus loop.

# KOOS DU PLOOY SIT OU TRADISIE VOORT

**MNR. J. S. (KOOS) DU PLOOY het Dinsdag die tradisie van die vadere gehandhaaf toe hy verkies is as nuwe ondervoorsitter van die Studenteraad. Presies dertig jaar gelede het Koos se vader en moeder ook saam op die S.R. gedien—sy pa as voorsitter en sy ma as hoofdame.**

Koos is op 16 Januarie 1938 in Johannesburg gebore en het aan die Hoërskool Florida gematrikuleer. Hy het in 1956 na die Puk toe gekom en terwyl hy onder 19 was, vir die Puk en Wes-Transvaal gespeel. In later jare het hy gereeld vir Theos as vleuel gespeel en ook die spanne van Wes-Transvaal en die Noordelike Universiteite gehaal.

Mnr. Du Plooy het aktief deelgeneem aan die studentelewe en op verskeie besture gedien. Hy was vanjaar voorsitter van die Debatsvereniging asook ondervoorsitter van die A.S.B.

Vanjaar het hy die A.S.B. op die Studenteraad verteenwoordig. Hy was ook die koshuisverteenwoordiger van Uitspan



Mnr. J. S. du Plooy.
[Foto: Fotokuns.

## DIE NUWE STUDENTERAAD

| | |
|---|---|
| Voorsitter | J. J. de Wet Krüger |
| O.-Voorsitter | J. S. du Plooy |
| Sekretaris | F. R. P. de Bruyn |
| O.-Sekretaris | D. A. S. Herbst |
| Penningmeester | N. J. Swart |
| Damesverteenwoordigster | Mej. C. Postma |
| A.S.B.-verteenwoordigers | P. R. P. Potgieter<br>J. M. Els |
| A.B.K.K. - verteenwoordigers | P. A. Venter<br>C. J. H. Venter |
| Korps-verteenwoordigers | J. H. Boneschans<br>P. W. Bingle |
| S.S.B.-verteenwoordigers | J. J. de Jager<br>P. E. Bosman |

# Voorsitter se Intreerede

**„Die nuwe Studenteraad wat nou met sy dienstermyn begin het, is soos 'n jong boompie in 'n groot bos. Dit het lewenskrag en 'n lus om te groei maar staan omring deur die groot bome van Studenterade en Studenteraadsvoorsitters van die verlede," het nie nuwe voorsitter van die Studenteraad, mnr. J. J. de Wet Krüger, Dinsdagaand gesê na hy die voorsitterstoel amptelik van die aftredende voorsitter, mnr. Hennie van der Walt, oorgeneem het.**

Mnr. Krüger het die massa bedank vir die vertroue wat hul gestel het in hom en die ander Studenteraadslede deur hulle as leiers te verkies. Hy het ook die massa versoek om die nuwe Studenteraad by te staan deur positiewe kritiek te lewer en saam te werk.

As voorsitter van die Studenteraad besef hy terdeë sy pligte en verantwoordelikhede en sal hy trag om die gemeenskap te dien na die beste van sy vermoë. Mnr. Krüger het ook sy volle vertroue uitgespreek teenoor die ander lede van die Studenteraad.

„Ons is geroep om diens te lewer aan die studentegemeenskap. Ons is egter bowenal geroep om diens aan God te lewer. Mag ons hierin nie beskaam word nie," het hy afgesluit.

Op die vergadering het die massa ook afskeid geneem van mnr. H. J. D. van der Walt, wat vier jaar agtereenvolgens in die Puk-Studenteraad gedien het. Die ondervoorsitter van die vorige Studenteraad, mnr. L. A. S. van Wyk, het 'n kort woord van waardering en dank tot mnr. Van der Walt gerig.

### BAIE BEKWAAM

„Mnr. Van der Walt was een van die heel-bekwaamste voorsitters wat die Puk nog geken het," het mnr. Van Wyk gesê en gewys op die persoonlikheids-eienskappe waarmee hy sulke voortreflike diens aan die studentegemeenskap kon lewer: Veelsydigheid, beskeidenheid, 'n onvermoeide ywer, 'n deurtastende kennis van die studentelewe.

Mnr. Van der Walt het woorde van dank gerig tot verskeie instansies wat dit vir hom aangenaam gemaak het om die studentegemeenskap te dien en die nuwe Studenteraad sterkte toegewens vir die taak wat op hulle wag.

Mnr. Van der Walt se jaarverslag is met dank aanvaar en goedgekeur. Dit sal later volledig in Die Besembos gepubliseer word.

Ook die verslag van die penningmeester, mnr. J. H. van Zyl, is met dank aanvaar.

*Fotokuns*

*sentrum vir fotografie, grammofoonplate, kunsvlyt*

TOMSTRAAT 82
POTCHEFSTROOM
TELEFOON 3185

**Ons is die mense vir PORTRETTE**

Blaai hierdie Wapad deur en u sal sien!

PLATE — PLATE — GRATIS PLATE — PLATE — GRAMMOFOONPLATE



KWALITEIT?

INDERDAAD, MY VRIEND!
by
**H. & H.**
**JUWELIERS**
**129 Kerkstraat. Tel. 1031**

**Op pad . . .**



na
**GEI & VELLEMAN**
vir hulle
FOTOGRAFIESE en APTEKERSBENODIGDHEDE.
Volg hom na:
**Kerkstraat 178.**

*VIR DAARDIE HOL GEVOEL OP DIE MAAG . .*

*BAK ONS DIE*

***Heerlikste Vleispasteitjies***

**TURKSTRA BAKKERY**
**(EDMS.) BPK.**
**KERKSTRAAT 61**

***EXPRESS***
**DROOGSKOONMAKERS**
ONS IS TROTS OM U TE BEDIEN

DIENS AAN BLANKES ALLEEN

**Lombardstr. 25 — Tel. 3403**

**die Wapad**

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**

# NUWE LEIERS

Die studentegemeenskap van die P.U. vir C.H.O. het Dinsdag sy nuwe leiers gekies. Waar die leisels nou oorgaan in die hande van nuwe persone kan met reg verklaar word dat hulle die belange van die studentegemeenskap met erns op die hart sal dra.

Die bewys vir hulle bekwaamheid is juis dat die massa sy vertroue in hulle gestel het.

Sonder die daadwerklike steun en die vertroue van die massa is 'n Studenteraad nie in staat om te lewer wat van hom verwag word nie.

Van 'n massa word nie verwag om blindelings volgelinge te wees nie. Om te volg, beteken nie om rustig agteroor te sit nie maar om met onderskeiding en besinning rigting, leiding en koers daar te stel. Gesonde kritiek is inderdaad 'n bewys van 'n gesonde gemeenskap en opregte belangstelling.

Aan die ander kant is 'n Studenteraad 'n koersduidende liggaam nie net na binne nie maar ook na buite. Dat die huidige Studenteraad hom pligsgetrou sal wy aan die belange van die studentegemeenskap en die karakter van die Universiteit sal uitdra en stewig hou, lei geen twyfel nie.

Langs hierdie weg wil Die Wapad namens die studentegemeenskap aan die nuwe voorsitter, mnr. J. J. de Wet Krüger, opregte gelukwensing oorbring. Op sy skouers rus die taak om in die jaar wat voorlê die leisels stewig te neem en die vaandel van Potchefstroom hoog te laat wapper.

Ook aan die ander lede van die Dagbestuur 'n woord van hartlike gelukwensing. Die taak wat voorlê, sal geen geringe opoffering en diens verg nie. Aan al die ander lede van die Studenteraad: geluk en sterkte.

Aan die leiers van die verskillende liggame—sport en verenigings: 'n woord van gelukwensing en krag.

Leierskap eis kennis, standvastigheid, toegewydheid en 'n onwrikbare geloof in die saak wat gedien moet word.

Dat die nuwe leiers van ons studentegemeenskap sal poog om stewig en standvastig te staan vir hul saak en toegewyd sal dien, is onbetwisbaar.

**REDAKSIE EN ADMINISTRASIE:**

HOOFREDAKTEUR ..... *Dirk Herbst* (X041)
NUUSREDAKTEUR ..... *Stoffel Cilliers* (X042)
REDAKTEUR TUSSENUNIVERSITêRE EN BUITELANDSE SAKE ..... *Dewald Roode* (1566)
KUNSREDAKTRISE ..... *Enid Rautenbach* (1385)
SPORTREDAKTEUR ..... *Izak Lessing* (425)
VARIAREDAKTEUR ..... *Piet Bingle* (X068)
VARIAVERSLAGGEWERS ..... *Nic Badenhorst en Annemarie Schutte*
NUUSVERSLAGGEWERS:
..... *Gert Scholtz, André Arnoldi en Elsa Pelser*
SPORTVERSLAGGEWERS: *Nic Swart en Marieke v. d. Merwe*
FOTOGRAAF ..... *Johan van der Merwe* (19)
SIRKULASIEBESTUURDER ..... *Herman Oosthuizen* (X041)
PENNINGMEESTER ..... *Ernie van der Merwe*
ADVERTENSIEBESTUURDER ..... *Ben Bierman* (1188)
TEGNIESE ADVISEUR ..... *Gouws Oberholzer*



**Claustrophobia?**

★

IS U BEKOMMERNIS DIE WOORD
**„STUDIE"?**

MAAK DAARDIE WOORD INTERESSANT EN DUIDELIK —
KOM NA
**PRO REGE PERS**
DIE
POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL
Kerkstraat 95 — Tel. 1164
BOEKHANDEL
ANTIKWARIAAT

# In U Lig

**Ons lewe staan in die teken van „bou en bewaar". Hierdie twee elemente vind ons terug in die „huis bou" en die „wagter" wat „waak". Dit is praktiese voorbeelde, sowel as sinnebeelde vir al ons werskaf.**

Praat ons van „bou en bewaar"; studente hoor altemit hoogstens hierin toekomsgeluide. Omdat 'n student volgens die gangbare opvatting nog nie „is" nie, maar eerder „word". Hy is immers in voorbereiding vir die „praktyk". Bou en bewaar behoort tot die ryk van die ideale en idees.

Al sonder ons ons na behore voorlopig af vir studie, elke student meen dat hy of sy nog oorgenoeg mens is om selfs in die studie en studentelewe voeling te hou met die werklikheid, en daarom ontdek ons in die hierbo aangehaalde psalmgedeelte groot toepassingsmoontlikhede vir ons eie lewe.

**MEDEWERKER**

Wat word hier gesê? In wat ek doen, is ek, om dit so te stel, 'n medewerker van God. „As die Here die huis nie bou nie . . ."' dus: God is die Bouer en die Wagter. En tog nie buite ons om nie. God bou en ek bou. Ek bou—dis die praktyk. Ek bewaar, ek beplan, dis soos ons die lewe ken, konkreet.

Die Bybel—ewe konkreet!—deurkruis dié werklikheid radikaal: „As God nie bou nie, dan is dit waardeloos, tervergeefs. Kan ons die samespel tussen God en mens, die gemeenskap wat ons in die geloof erkén en belêwe, nog inniger uitgedruk kry as hier?

Dit laat ons dus dadelik iets sien van wat „geloof" beteken. Ek kan skynbaar „buite God om" te werk gaan, óf Hom aanvoel as 'n verre Hoër Hand en soms as 'n Noodlot wat my dwarsboom. Geloof in die lig van hierdie psalm is beslis iets anders, juis die teenoorgestelde, dit veronderstel 'n ware gemeenskap.

**WAARDELOOS**

Werk en waak kan waardeloos wees. Of ek nou al vroeg opstaan, laat opbly, swoegwerk doen, net so goed gee God dit aan sy beminde in die slaap! Die laaste klink ironies, maar tog staan dit daar dat God aan die wat Hy bemin, aan die beminde wat in sy guns en genade deel en met wie God gemeenskap oefen, vryelik skenk. Waar dit op aankom, is dat u deur die geloof lewe soos sy beminde, deur sy Woord en Gees met die Here gemeenskap het en dit ook in die gebed soek.

Tevergeefs, wanneer dit doodgesmoor word deur die vuur van ons begeerte. As selfgelding kom in die plek van gehoorsaamheid, hoogmoed in die plek van nederigheid. Wanneer eie eer die versweë motief is agter die een of ander pos wat ek in die studentelewe beklee.

> **Ps. 127 : 1, 2. As die Here die huis nie bou nie, tervergeefs werk die wat daaraan bou; as die Here die stad nie bewaar nie, tervergeefs waak die wagter. Tervergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet—net so goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap!**

Ons sien miskien net ons eie wyse (eiewyse) denke en handel raak as die maatgewende, sonder om behoorlik ander in aanmerking te neem. Tevergeefs: Vir die komende eksamens hou dit in dat ons nie in ons eie krag moet probeer nie, maar Hom vra om ons tot hulp te wees en ons werk te seën. En ons sal Hom laarvoor dank bewys! Anders sal ons geswoeg sinloos wees.

As die Here die huis bou waaraan u werk en die stad bewaar wat u bewaak, as u met ander woorde 'n vaste verbond met die Here het, dan leef u met beloftes wat Hy ook op die regte tyd sal waarmaak. Miskien saai ons dan met trane, ons sal met gejuig maai.

—S. J. v. d. B.

# PUKKE STOF NATALLERS UIT OP VERHOOG

**TWEE PUKKE, mnre. D. A. S. Herbst en Louis Botha, het verlede Vrydagaand tydens 'n debat in Pietermaritzburg die Natalse studente die loef afgesteek.**

Daar is gestel dat die Suid-Afrikaanse universiteite eintlik niks ander as super-hoërskole is nie. Mnr. Herbst, wat die Pukke se standpunt ingelei het, het die teoretiese en filosofiese aspek behandel, terwyl mnr. Botha hom meer tot die praktyk bepaal het.

Die Natallers wat gepraat het, was mnre. John Lloyd en Gavin Stuart.

**HOOG WAARDEER**

Die Pukke het die verblyf in die Natalse hoofstad baie geniet en die gasvryheid van die Natallers word hoog waardeer.

Aan argumente en besprekings met individuele studente het dit nie ontbreek nie; maar vir albei groepe was die besprekings ongetwyfeld waardevol.

Ook die sosiale sy van die besoek het goeie steun van die Pukke ontvang—o.a. met die treinreis, waar veral Louis Botha uitgeblink het.

## Twaalf Pukke na Wits

Twaalf Pukstudente vertrek Donderdag na Johannesburg om daar 'n welwillendheidsbesoek aan die Universiteit Witwatersrand af te lê. Hulle sal in Johannesburg vertoef tot Saterdag.

Terselfdertyd sal twaalf Tuksstudente 'n welwillendheidsbesoek aan Wits bring.

Hierdie besoek volg na verskeie Pukke verlede jaar ook die Universiteit Witwatersrand besoek het.

## VERSKONING

In die vorige Wapad is die naam van Thys Louw per abuis deur die drukkersduiwel uit die berig gelaat van die Pukke wat gekies is vir die Wes-Transvaal O/19-span. Ons vra om verskoning hiervoor.

# DORP MET DIE KOUS OOR DIE KOP HUIS TOE

IN 'N WEDSTRYD wat meer sprankelende rugby opgelewer as wat Saterdag die geval was, het Puk Maandag 'n stappie nader aan die Neserbeker gekom met hul oorwinning van 21 teen 8 van Dorp.

Aanvanklik het die Pukke goed ingeklim en het spoedig die voortou geneem nadat Schalk Hoogenboezem met 'n strafskop geslaag het. Bok Fourie het hierna pragtig gebreek en vir Piet Bosman oorgestuur. Sake het egter nou begin skeef loop aan-



Carl Grundlingh, wat Saterdag vir Wes-Transvaal teen die Vrystaat gespeel het.

gesien Puk skielik laat slaphang het en teen rustyd was die telling 6—5 nadat Johan Claassen oor die doellyn gebars het.

Na rustyd kon die Pukke nog nie van die naweekgevoel ontslae raak nie en Dorp het gelei met 8 punte teen 6. Stadig het meer planmatigheid in die Pukke se spel getree en onder leiding van Toy Dannhauser het sy manne die Dorpenare begin opdreun.

Na 'n pragtige pypkan het Bok self agter die doellyn gaan kuier en Schalk Hoogenboezem het seker gemaak van die vervyfskop. Dit het die telling op 11—8 te staan gebring.

Die Pukkies was knaend op die aanval nadat hulle bloed geruik het. Jan van der Schyff het losgeruk van sy broer, Willem, wat sy opponent was, se hande en onder die pale oorgeduik.

Schalk het vervyf.

Kort voor die einde van die wedstryd is Piet Bosman se harde werk beloon deurdat hy Dorp se losskakel op die doellyn toegetakel het en die bal toegeval het. Jan van der Schyff se vervyfskop het die telling op 21—8 te staan gebring en dit was ook die eindtelling.

Carl Grundlingh het twee keer kenmerkend gebreek en op vleuel was Smous van der Westhuizen gedurig op die uitkyk vir 'n kans om te benut. Piet Bosman se spel het bewys waarom hy Saterdag vir Wes-Transvaal gespeel het.

# 20 KANDIDATE WAS BESKIKBAAR

Altesaam twintig kandidate het hul verkiesbaar gestel vir die vyf poste van die S.R.-Dagbestuur en Damesverteenwoordigster respektiewelik. Dit het meegebring dat die verkiesing nie streng volgens beplande rooster kon verloop nie, aangesien daar telkens deur die stemgeregtigdes onder die kandidate moes uitgedun word.

Vir die pos van voorsitter van die Studenteraad was daar vier kandidate: mnr. J. J. de Wet Krüger, wat verkies is, en mnre. J. S. du Plooy, I. van der Walt en A. G. C. Yssel.

Na die eerste stemming is die massa versoek om te stem tussen mnr. Du Plooy en mnr. Krüger. Mnr. Du Plooy is uiteindelik verkies tot onder-voorsitter van die Studenteraad.

# Oud-dirigent bevorder

'n Oud-dirigent van die Puk wat tans in diens van die Leërmag is, is pas bevorder van die rang van kaptein tot majoor. Hy is maj. Vim Voordewind wat as manskap diens aanvaar het by die destydse Waarnemingsbattery.

Hy is uit die Observasie-regiment wat in 1960 opgesplits het o.a. in die Regiment Universiteit Potchefstroom bevorder tot majoor.

Die John Chard-medalje is ook na twaalf jaar diens aan hom toegeken.

# Pukke en Pote Bots Saterdag

**Eerskomende Saterdag vind die tweede botsing van hierdie jaar tussen Normaal plaas op Olënpark. Hoewel die Swartetjies vroeër reeds die aftog teen die Pukke moes plaas en tans nie juis te waffers vaar nie, is 'n verrassing in die Puk-Potebotsing nooit uitgesluit nie.**

Puk behoort met 'n meer gebalanseerde span op die veld te draf as wat die vorige twee wedstryde die geval was. Hul algemene samespel kan dan ook meer afgeronde bewegings van stapel stuur.

'n Interessante tweestryd sal woed tussen die Wes-Transvaalse losskakel, Carl Grundlingh, en Hennie van Zyl wat na sy besering tans goed op dreef is. Hierdie twee spelers se spelwyse kom merkwaardig ooreen.

Die wedstryd sal bepaal wat die kanse van die eerstespan teen Strathvaal is.

Die ander spanne sal in voorwedstryde teen die Pote te staan kom.

# Groot Dinge deur Krieketklub Beplan

Daar gaan vanjaar groot pogings aangewend word om krieket op die Puk sy regmatige plek te laat inneem. Benewens die feit dat net een span vir die liga ingeskryf is, het die gedagte ontstaan om 'n koshuisliga daar te stel.

In die verlede is gevind dat slegs persone wat die eerstespan haal gedurende die seisoen gereeld oefen en diegene wat die span nie haal nie belangstelling verloor by gebrek aan wedstrydoefening.

Mnr. Vaatjie Weber, kaptein van die krieketklub, verklaar dat hul sal poog om deur middel van die koshuisliga die belangstelling vir die spel gaande te hou, asook die persone wat die eerstespan nie haal nie om nog aktief aan die spel te laat deelneem. Later sal meer besonderhede hieromtrent verskyn.

Met die oog op die universitêre toernooi in Kaapstad vanaf 28 November tot 3 Desember, word daar 'n beroep gedoen op alle belangstellendes om by die klub aan te sluit. Sodoende kan die span dan in staat gestel word om 'n beter vertoning te lewer as in die verlede.



Toy Dannhauser, die Pukke se rugbykaptein, is Dinsdag vir die tweede agtereenvolgende jaar tot klubkaptein verkies. Piet Bosman is die nuwe onderkaptein.

# PUKKE WEN LANDLOOP OORTUIGEND

'n Landloopspan van die Puk het verlede Woensdag die jaarlikse landloop tussen Parys en Potchefstroom in die nuwe rekordtyd van 3 uur 42 minute 12.2 sekondes gewen. Daarmee het hulle die rekord wat verlede jaar deur P.O.K. opgestel is, met ongeveer drie minute verbeter.

Die spanne wat deelgeneem het, was P.O.K., Garnisoen (twee spanne), P.U. en 'n gekombineerde span van die P.U. en die P.O.K. Die Garnisoenspan en die gekombineerde span het albei sowat vyf myl voorgee gekry maar is oor die laaste vier myl deur die Pukspan sowel as die P.O.K.-span ingehaal.

### EERSTE BY WENPAAL

Puk is eerste by die wenpaal verby met P.O.K. tweede, sowat 'n halfmyl agter die wenners.

Die volgende was die Pukspan, in die volgorde wat hulle gehardloop het:

J. Meintjies, G. Scholtz, E. Baumbach, Johan Buys, J. van der Walt en T. Lotz.

Baumbach, Van der Walt en Lotz het hulle besonder goed van hul taak gekwyt en die Puk-oorwinning is waarskynlik aan hulle te danke. D. MacDonald van die P.O.K. het ook 'n flink vertoning gelewer.

# Kyste en Ander Moontlikhede

### SAAM GESIEN

Piet Marais en Lelani Pretorius.
Jan Ras en Susan Verhoef.
Andries van der Walt en Susan de Beer.
Johan van der Merwe en Annatjie Venter.

### GEKYS

Merinda Schutte en Wilhelm van Rooy.

Aan Johan Hurter, 'n derdejaarstudent in aptekerswese, en sy vrou, ons hartlike kelukwense met die geboorte van hul seun.

### GETROUD

Peet Oeschger en Alette van Rooy.

Hartlik geluk!

**AJAX**

**BOEKE EN SKRYFBEHOEFTES**

**Kerkstraat 159 Foon 3458**
**POTCHEFSTROOM**

# PUKKE KLOP LICHTENBURG IN SAAI WEDSTRYD

**IN 'N WEDSTRYD wat tipiese einde-van-die-seisoen-rugby opgelewer het, het Lichtenburg hul tweede nederlaag teen die Puk op die lyf geloop. Puk het die Lichtenburgers met 16 punte teenoor ses met die kous oor die kop huis toe gestuur.**

Verskeie faktore het daartoe bygedra dat toiingrige rugby gespeel is. Vier van die Pukke het vir Wes-Transvaal diens gedoen en van die ander gereelde spelers kon met die oog op die langnaweek nie op die veld draf nie. Die gevolg was dat daar baie skommelings in die span was wat natuurlik nie daartoe bygedra het om die samespel te verbeter nie.

Daarby kom nog die feit dat dit Saterdag drukkend warm was wat die spelers heeltemal lusteloos gemaak het.

Van mooi afgeronde bewegings was daar weinig sprake en baie bewegings wat op iets kon uitloop, is bederf deur slordige hanteerwerk.

### BESEER

Reeds vroeg in die wedstryd het Callie Goosens (senter) sy skouer beseer en moes vir die wedstryd tussen die voorspelers rondstaan terwyl Amie van Wyk en Charlie Williams beurtelings senter en heelagter gespeel het.

Hoewel die Swart-Hoogenboezem skakelkombinasie aanvanklik nie wou vlot nie, het die twee spelers mekaar gevind en albei het waardevolle werk verrig. Onder die voorspelers het Frans de Bruyn, Toy Dannhauser wat nou weer begin fiks raak na sy besering en Lourens Erasmus verdienstelike spel gelewer.

### PUNTE

Friedel Swart het twee keer agter die doellyn gaan kuier en Frans de Bruyn een keer. Toy het met 'n strafskop geslaag en Charlie Williams met twee vervyfskoppe.

Navy het ook met 'n „omgekrapte" span eers met vyf van Lichtenburg se eerstespanspelers klaargespeel (die vyf kêrels moes albei wedstryde speel) en met 16 punte teen drie die oorwinning behaal.



**MOENIE SOEK NIE!**

**'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind**

**Aptekers J. P. van der Walt**
**(EDMS.) BPK.**
**POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK**
**Kerkstraat 118 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 929**

**Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!**

***Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!***

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertandlekker hap neem – is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle – die keurbier vir louter plesier – in kannetjies of bottels.






**SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER**

Grant 345/5877-2A

# VOLLEDIGE UITSLAE VAN VERKIESING


**AFRIKAANSE STUDENTEBOND**
**Voors.:** J. S. du Plooy.
**O.-Voors.:** P. R. P. Potgieter.
**Sekr.:** C. J. H. Venter.
**Org.:** N. P. Badenhorst (jnr.)
**Pgm.:** J. H. van Zyl.
**Mans add.:** J. M. Els, D. A. S. Herbst, J. D. Roode, P. A. Venter.
**Dames add.:** Mejj. C. J. A. Cronjé en R. E. Kemp.

## Ere-kleure Verwerf

Ere-klere is aan die volgende sportmanne toegeken, na op die laaste massavergadering onder die ou Studenteraad aangekondig is:

L. E. Thom (rugby).
J. H. S. Yssel (stoei).
P. H. Oeschger (bofbal).
C. C. Dannhauser (bofbal).
J. E. van der Westhuizen (bofbal).
J. J. van der Walt (atletiek).
J. A. G. Liebenberg (atletiek).
L. Ortlepp (atletiek).
F. Albertyn (tennis).

Aan Liebenberg en Ortlepp sal die ere-kleure toegeken word as hulle aan die vereistes vir gewone Pukkleure voldoen het.

MOENIE.....

MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!

CORNER FRUIT STORE

„U KEN ONS!"


**KORPS VERITAS VINCET**



Mnr. Jan Boneschans, voorsitter

**Voors.:** J. H. Boneschans.
**O.-Voors.:** P. W. Bingle.
**Sekr.:** P. A. Venter.
**Org.:** J. Scholtemeijer.
**Pgm.:** J. Venter.
**Dames add.:** Mejj. V. Venter en A. Bekker.
**Mans add.:** I. J. Lessing, C. J. H. Venter, J. H. Viljoen en W. J. van der Merwe.

**SENTRALE SPORTBESTUUR**
**Voors.:** J. J. de Jager.
**O.-Voors.:** C. C. Dannhauser.
**Sekr.:** P. E. Bosman.
**Pgm.:** J. L. Ras.

**RUGBY**
**Kapt.:** C. C. Dannhauser.
**O.-Kapt.:** P. E. Bosman.
**Sekr.:** H. B. van der Walt.
**Pgm.:** F. C. de Beer.
**Add.:** C. F. Grundlingh.

**SWEM**
**Kapt.:** J. D. Roode.
**O.-Kapt.:** Mej. J. C. du Toit.
**Sekr.:** L. Croezer.
**Pgm.:** P. Heslinga.
**Add.:** J. Sauerman en W. Bekker.

**KORFBAL**
**Kapteine:** Mej. C. Steyn.
**O.-Kapt.:** Mej. A. S. R. Cronjé.
**Sekr.:** Mej. T. Schoeman.
**Pgm.:** Mej. E. van der Walt.
**Add.:** Mejj. S. L. Kruger en A. S. S. van der Walt.

**MANSHOKKIE**
**Kapt.:** J. L. Ras.
**O.-Kapt.:** A. L. V. Botha.
**Sekr.:** G. P. L. Reyneke.
**Pgm.:** D. J. Meyer.
**Add.:** J. H. Boneschans.

**DAMESHOKKIE**
**Kapteine:** Mej. A. Howell.
**O.-Kapt.:** Mej. M. Bingle.
**Sekr.:** Mej. M. Bruyns.
**Pgm.:** Mej. E. Schoeman.
**Add.:** Mejj. K. Kotze en D. Venter.

**ATLETIEK**



Kotie de Jager, voorsitter van die S.S.B.

**Voors.:** Mnr. J. S. K. Bosman.
**O.-Voors.:** Mnr. C. J. H. Kruger.
**Kapt.:** J. J. van der Walt.
**O.-Kapt.:** G. J. L. Scholtz.
**Sekr.:** M. Postma.
**Pgm.:** T. J. Lotz.
**Add.:** Mej. A. B. de Kock en J. J. de Jager.

**STOEI**
**Kapt.:** P. Krüger.
**O.-Kapt.:** E. J. de Villiers.
**Sekr.:** W. D. Jonker.
**Pgm.:** R. J. P. du Plessis.
**Add.:** J. J. de Villiers.

**JUDO**
(Nie onder patronaat van S.R., maar verkiesing gehou onder S.R.-toesig.)
**Kapt.:** E. J. M. Baumbach.
**O.-Kapt.:** M. Swartz.
**Sekr./Pgm.:** A. Greef.
**Dames add.:** Mej. A. Kleynhans.
**Mans add.:** C. J. Maritz.

**KRIEKET**
**Kapt.:** C. H. Weber.
**O.-Kapt.:** A. G. P. van der Walt.
**Sekr.:** A. Richards.
**Pgm.:** W. D. Froneman.
**Add.:** J. L. Ras.

**TAFELTENNIS**
**Kapt.:** S. J. D. Oosthuysen.
**O.-Kapt.:** Mej. A. B. de Kock.
**Sekr.:** Mej. B. van Rooy.
**Pgm.:** N. F. du Plooy.
**Add.:** J. Breytenbach en J. H. van der Walt.

**BOFBAL**
**Kapt.:** P. E. Bosman.
**O.-Kapt.:** P. Ooeschger.
**Sekr.:** F. de Beer.
**Pgm.:** D. Maree.
**Add.:** C. C. Dannhauser.

**JUKSKEI**
**Kapt.:** S. J. D. Oosthuysen.
**O.-Kapt.:** Mej. A. Steyn
**Sekr.:** Mej. C. C. de Jager.
**Pgm.:** J. S. van Vuuren.
**Add.:** Mej. M. Filmalter en L. D. Aucamp.

**TENNIS**
**Kapt.:** W. Putter.
**O.-Kapt.:** Mej. A. B. de Kock.
**Sekr.:** Mej. E. A. Coetzee.
**Pgm.:** N. J. Botha.
**Add.:** Mev. S. Putter en L. du Pisani.

**A.B.K.K.**



Mnr. P. A. Venter, voorsitter van die A.B.K.K.

**Voors.:** P. A. Venter.
**O.-Voors.:** I. J. Lessing.
**Sekr.:** F. Barnard.
**Pgm.:** N. Raubenheimer.
**Add.:** B. Bierman en mej. S. van der Walt.

**SKAAK**
**Voors.:** P. A. Venter.
**O.-Voors.:** J. W. Koen.
**Sekr.:** W. J. van der Merwe.
**Pgm.:** J. F. Welding.
**Add.:** Mej. H. van Z. Smit.

**DEBAT**
**Voors.:** W. J. van der Merwe.
**O.-Voors.:** J. L. Ras.
**Sekr.:** Mej. A. C. E. Venter.
**Add.:** A. L. V. Botha en mej. L. Human.

**THALIA**
**Voors.:** P. A. Venter.
**O.-Voors.:** J. L. Ras.
**Sekr.:** C. J. H. Venter.
**Pgm.:** B. C. Lessing.
**Add.:** Mej. R. E. Kemp en D. van der Walt.

**VOLKSPELE**
**Voo.s.:** W. J. van der Merwe.
**Leidster:** Mej. C. Cronjé.
**Sekr.:** H. B. van der Walt.
**Pgm.:** P. Heslinga.
**Add.:** Mej. K. Oosthuysen en J. A. R. Botha.

## Verdienstelike Werk Dinsdag Bekroon

AAN VERSKEIE studente wat hulle gedurende die afgelope jaar verdienstelik van hul onderskeie take gekwyt het, is Dinsdagaand ere-toekennings gedoen en trofees oorhandig.

Die Corrie van Rooy-wisselbeker is deur mej. Alta de Kock verower vir die dame wat sport die meeste bevorder het.

Die De Klerk-wisselbeker vir die man wat sport die beste bevorder het, het aan Kotie de Jager gegaan.

Johan Liebenberg het die Davy Robertson-wisseltrofee vir die atleet wat die meeste punte vir die Puk behaal het, verower.

Die Glazer-wisselbeker vir die bevordering van jukskei is deur Faan Oosthuizen verower.

Die Claudia de Jager-wisselbeker vir die klubkampioen van tennis is aan Dawie du Plessis toegeken.

**ANDER TOEKENNINGS**

Verder is die volgende toekennings gedoen:

Die P. W. Buys-wisseltrofee aan Idyll van der Walt vir die bevordering van kuns en kultuur.

Die P.C. Kruger-wisselbeker vir die studente wat die meeste gedoen het vir skaak, aan Johan Koen en Piet Venter.

Die Van Rooy-wisselbeker vir die fakulteit wat die interfakultêre skaakwedstryd gewen het, is vanjaar deur die B.Sc.-fakulteit verower.

Mnr. Louis Botha het die debatwisseltrofee ingepalm, terwyl die Besembos-wisseltrofee vir die beste artikel in vanjaar se Besembos aan mnr. J. H. van Zyl toegeken is.

Daar is twee aanbevelings gedoen oor die toekenning van die Raadsmedaljes: Aan die voorsitter van die vorige Studenteraad, mnr. H. J. D. van der Walt, en mej. M. E. Botha, die damesverteenwoordigster.

## Baie gewerk voor verkiesing

*Heelwat roetine-werk moes agter die skerms gedoen word voor die jongste verkiesings van die Studenteraad kon plaasvind. Veral die leidende persone in die georganiseerde studentelewe was verantwoordelik vir die vele reëlings.*

*Alle onderliggame moes stemreglyste opstel en saam daarmee jaarverslae voorlê aan die Studenteraad. Die sekretaris en onder-sekretaris van die Studenteraad, mnre. Frans de Bruyn en Idyll van der Walt, moes toe weer al hierdie lyste kontroleer en die voorsitter, mnr. Hennie van der Walt, moes al die verslae deurwerk ten einde sy eie jaarverslag op te stel.*

*Daar moes verder negeduisend stembriefies gestempel word ter voorbereiding van die eintlike stemming op Dinsdag. Dinsdag was dit toe die taak van die konvenor van die Verkiesingskomitee, mnr. L. A. S. van Wyk, om toe te sien dat al die reëlings vlot van stapel loop.*

## Twee S.R.-poste Afgeskaf

Die poste van hulpsekretaris en hulppenningmeester op die Studenteraad het verval. Hierdie konstitusionele wysiging is deur die massa goedgekeur op Dinsdagaand se massavergadering, nadat die Studenteraad ook reeds hul goedkeuring aan hierdie saak verleen het.

Daar is deur die Studenteraad bevind dat hierdie poste oorbodig is en dat voorsiening nie meer daarvoor gemaak hoef te word nie. Die pos van hulpsekretaris is bv. destyds ingestel voor die pos van ondersekretaris ingestel was maar na die onder-sekretaris op die Studenteraad verskyn het, het hierdie pos ook bly voortbestaan.


DRINK DIE BESTE!
* Pep-A-Quava
* Pep-A-Dilla
* Ting-A-Ling
* Top-Hat

DRINK
* Super Orange
* Fresh Orange

Pep-I-Doo
Potch Mineral Waters
Telefoon 16 en 1144 — Posbus 134





„Aitsa!"

As die DAMES so sê moet jy weet die Jongeheer koop sy klere by:

J. TOD SUTTIE

Kerkstraat 177 — Telefoon 1
POTCHEFSTROOM